Publication: Burger, Die (Wes-Kaap) (Forum)
Publication Date: 19 Dec 2018
Page: 11

AVE: 19128.26
Circulation: 47400
Part: 1 of 1



# Geregtigheid is lakmoestoets vir alle deugde

**Godsdiens Aktueel**
Nico Koopman



Geregtigheid is 'n deug, gewoonte, beliggaamde waarde, inklinasie, intuïsie en 'n geprogrammeerdheid vir wat reg is.

Sonder om te reflekteer daaroor, soek die deugsame mens geregtigheid. Iemand het op 'n keer treffend gesê 'n deug is dit wat God van nature besit en die mense deur genade.

Benewens 'n waarde en deug is geregtigheid ook 'n konkrete handelingsaanwysing – dit rig besluitneming en kry gestalte in keuses en dade, in beleide en praktyke.

Geregtigheid word in die etiese tradisie oor eeue heen die *summum bonum* – die uiteindelike goeie – genoem. Dit beteken onder meer dat geregtigheid die lakmoestoets is vir alle waardes en mooi dinge wat mense aanhang.

Die Grondwet verbind ons tot die nastreef van menswaardigheid, heling, vryheid, gelykheid en geregtigheid. Elkeen van hierdie edel waardes kom onder verdenking as dit nie geregtigheid bevorder nie.

> **Liefde wat nie geregtigheid omhels nie, word wreedheid en haat in 'n mooi gedaante.**

Menswaardigheid sonder geregtigheid is verontmensliking. Heling in en tussen mense kan nie plaasvind as geregtigheid en restitusie nie nagejaag word nie. Vryheid sonder geregtigheid is voortgesette onderdrukking. En 'n strewe na gelykheid wat gebou word op die doelbewuste veronregting en uitsluiting van sommige, is moreel aanvegbaar.

In die Christelike deugdeleer is sewe deugde geformuleer – geloof, hoop, liefde, wysheid, matigheid, moed en geregtigheid. Geregtigheid is die lakmoestoets vir al dié deugde.

Geloof wat mense se veronregting aanvaar en selfs regverdig, maar nie daadwerklik opponeer nie, is verwerplike geloof. Hoop wat mense laat berus in onreg, is opium vir die verdruktes. Hoop sonder geregtigheid wil mense hul verdrukking en swaarkry passief laat aanvaar. Liefde wat nie geregtigheid omhels nie, word wreedheid en haat in 'n mooi gedaante.

Wysheid wat nie geregtigheid voortbring nie, is dwaasheid, al is dit ook in geleerde taal gemunt. Matigheid en selfbeheersing wat nie geregtigheid bevorder en gierigheid en wellus temper nie, verloën geregtigheid op ekonomiese, seksuele en talle alle ander lewensterreine.

Moed, krag en sterkte wat nie in diens van geregtigheid staan nie, werk vernietigend. Die krag om verandering te bewerk word swakheid as daardie veranderinge nie die saak van geregtigheid bevorder nie.

Die krag om geduldig te wees, om te wag, om verdraagsaam en lydsaam te wees, word ondeugde as dit nie geregtigheid bevorder nie.

Sonder geregtigheid word die wyse en goeie en mooie en lieflike en loflike lelik.

In hierdie tyd van Advent vier ons opnuut die Kersfeeskind as die opkomende Son van Geregtigheid waaruit strale van heling en heil, redding en vryheid, vrede en vreugde kom. (Maleagi 4:2).

■ **Prof. Koopman is 'n teoloog en viserektor aan die Universiteit Stellenbosch.**

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.